

## HOE OM TE LEEF AS IEMAND WAT IN DIE KERK DIE AMP VAN GELOWIGE DRA

Jy's nie 'n lewenslange slagoffer van jou wisselende emosies nie. Jou gemoeds-toestande is regtig in jou eie hande. **Hier's 'n paar maniere hoe jy beheer kan neem oor jou innerlike lewe in die Here se Naam:**

1. **Kies om die lewe pro-aktief te leef.** Weier om heeltyd net op alles en almal rondom jou te reageer. Dan leef jy reaktief. Dan is jy later 'n emosionele gevangene van jou omstandighede. Gee die pas aan deur vanuit die staanspoor pro-aktief vanuit God se Woord jou lewe te leef.
  2. Moenie dat mense se "hang-ups" jou gevange hou nie. **Galasiërs 5 leer jou om ander se laste te dra, nie hulle "issues" nie.** Ontkoppel jou emosioneel van dreinerende mense wat soos bodemlose putte is. Moenie dat hulle jou lewensgeluk steel nie.
  3. **Moenie diegene wat jou leed aandoen probeer terugkry nie.** Die Here het jou lankal bevry van mense se "oog-vir-oog" en "tand-vir-tand" speletjies, soos wat Hy jou in Matteus 5 leer. Moenie saamspeel as ander rondom jou kies om wraakgierig te leef nie.
  4. **Bewys dankbaarheid.** Sê vir ander mense dankie wat iets klein of groot vir jou doen. Gee dikwels gepaste komplimente. Bid gereeld vir mense en sê vir die Here dankie vir hulle.
- Sien elke dag minstens twee splinternuwe seëninge in jou lewe raak. Sê vir God hiervoor dankie. Leer om dankbaar te wees. **Leef in 'n dankbaarheidsritme.**

### Ek bid

Goeie Heer, U liefde oordek ons ganse aarde  
U ontferming skitter helderder as die son  
U nabyheid is kosbaarder as reën  
U guns is soos 'n nimmereindigende fontein  
Daarom dat ons U vandag in Christus se Naam uitbundig loof.

Amen

**Liewe broer/suster, kom ons leef, as mense wat in die amp van gelowige staan, bostaande wat deur Stephan Joubert neergepen is, uit. En kom ons wees en leef dankbaar!**

**Groete**

**1 Kor 3:9 - Jou medewerker in diens van God Drie-enig**

**Leon Tait**



## WAT IS GOD SE DOEL MET MY?

Ons het almal al ervaar hoe ons God se doel en werking in ons lewe misverstaan het. Die vraag: *wat is God se doel met my?* is een van die vrae wat die meeste oor die lippe van gelowige mense kom of ten minste in harte mee geworstel word.



Hier is 'n kort verhaaltjie wat moontlik kan help om iets van God se doel so bietjie beter te verstaan.

'n Man was een oggend wakker gemaak deur die Heer wat by hom staan en hom liefdevol 'n opdrag gee: *gaan druk elke dag teen die rots voor jou huis*. Die man het dadelik begin om elke dag met al sy mag teen die rots te druk. Elke middag het die man moeg en seer na sy huis teruggekeer. Die man het begin wonder of alles nie tevergeefs is nie. So uitgeslape soos die Bose is het hy dadelik gedagtes begin saai van twyfel bv *kyk, jy het nog nie eers die rots een sentimeter geskuif nie...Dit is alles tydmors! Laat vaar dit!*

Twyfelend neem die man tog sy toevlug tot die Here (soos christene selfs in hul twyfel doen). Hy vra toe vir die Here: *is ek te swak? Is ek nie goed genoeg nie? Ek het u seker baie teleurgestel want ek het die rots nie eers een sentimeter geskuif nie? Al my gedruk was vergeefs!*

Met deernis antwoord die Heer: *My kind, jy het gedoen wat ek jou gevra het naamlik om teen die rots te druk. Ek het jou nie gevra om die rots te skuif nie, net daarteen te druk. Kyk wat is die gevolg! Jou arms is sterker, jou bene is kragtiger en die heel belangrikste is dat jy nou na My toe gekom het vir hulp! Jy besef jou afhanklikheid van My. Ek sal nou vir jou die rots skuif! Jy moes My gehoorsaam en dit het jy gedoen. Jy het volhard in geloof en gehoorsaamheid. Jy het gegroei en is 'n beter persoon!*

>>>Na bladsy 2

Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, (4) en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; (5) en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het (Rom 5:3-5).

Die doel van God is nie om 'n probleemvrye lewe te hê nie, maar te groei om meer soos Jesus te word! Die bereiking van hierdie doel is nie afhanklik van ander mense se gewenste reaksie nie en ook nie afhanklik van gunstige omstandighede nie. Die enigste een wat die bereiking van hierdie doel kan verhinder, is eksel! Dit is 'n ware Goddelike doel en een wat verseker die moeite werd is.

Druk voort! Bly gehoorsaam! Vorder op die pad om meer soos Jesus te word. Onthou wat Hy alreeds alles vir ons gedoen het naamlik Hy het ons sy kinders gemaak, nuutgemaak, vergewe, verlos, vrygespreek, in ons kom woon deur Sy Gees en werk voortdurend in ons om Hom te wil gehoorsaam.

Ons kan omdat Hy dit moontlik maak.

Saam op die pad om meer soos Jesus te word.

*Leon van Heerden*



- ♦ **15 Julie:** Skole open
- ♦ **21 Julie:** Aanvang van 40 dae reeks

***Sien jou daar!***

**Sinodale deurkollekte: Hulpbehoewende Gemeentes**



**BOOMSLOPING** en snoei van bome & struik. Verskaf ook Kagelhout. Kontak Ernst by 083 656 4992

**GRATIS** - Verwydering van onherstelbare, onbruikbare, verouderde of herwinbare goedere. Kontak 084 942 7399

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Kontak Ilze by 072 111 3100 of ilzedples@gmail.com

## **Die Gemeente wat vir almal omgee!**



*Ons gee om.*



**KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP!** Jy sal nie spyt wees nie.

### **VISIE VAN DIE OMGEEGROEPE-TAAKSPAN:**

*Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.*

*Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:*

*Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591*

### **Kombadja-projek - “Rys vir arm oumense”**

Skenkings word asseblief gevra vir rysvoorsiening vir arm oumense wat amper doodgaan van honger.

Eenmalige of maandelikse bydra kan gemaak word aan:

Bamboo shoot: A Glas /ABSA, Spaar rek no. 038187730900

Verwysing: Voedingskema

### **PENSIOENARISSE - Kom bederf jouself!**

Manikuur (hande) R60

Pedikuur (voete) R70

Eye brow waxing R25

Eye brow tint R25

Volstel naels (tips) R130

**Kontak Rinaldi @ 012-333-4114  
of 084- 593-1191**

174 Cragg str. Queenswood x 2 (naby Wikkie's pompe)





# MOOT CHRISTIAN ACADEMY

- Are you serious about your child's education?
- Do you want to give your child the best education possible?
- Did you know that in the early days children read the Bible to learn?

## At MOOT CHRISTIAN ACADEMY:

- We are putting the joy of God back into education
- We are an affordable Private School for Gr 0 to Gr 12
- We are passionate about our students.
- 90% of our staff and students are Afrikaans speaking.



*We serve the Community of God*  
Contact us for an interview

**012-331-8274**

[admin@mootchristianacademy.co.za](mailto:admin@mootchristianacademy.co.za)

On the premises of NG Rietfontein Suid, C/o Ben Swart str. and 16<sup>th</sup> Avenue



### **Laat jou lewe aan die Here oor - Psalm 37 1-10**

Moet jou nie ontstel oor skelms en jou kwel oor skurke nie, want soos gras vergaan hulle gou en soos groenigheid verdwyn hulle sommer.

Vertrou liewer op die Here en doen wat goed is, woon en werk rustig voort.

Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee wat jou hart begeer.

Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg.

Hy sal jou onskuld laat deurbreek soos die son, jou reg soos die helder lig van die middag.

Daarom moet jy in stilte op die Here vertrou en jou nie ontstel oor die voorspoedig lewe van 'n skelm nie.

Moenie kwaad word nie, laat staan die woede, moet jou nie ontstel nie: dit bring net ellende.

Die skelms sal uitgeroei word, maar die wat hulle vertrou in die Here stel, sal in besit bly van die land.

Nog 'n rukkie en daar sal geen goddelose meer wees nie...

# Taakspan vir Kinders

## Junior Kategese & Kleuterkerk

### Wie is ons?

Die **Junior Kategese en Kleuterkerk** sorteer onder die **Taakspan vir Kinders** in die **Bediening vir Diens**.

Lita Spreeth is tans die taakspanleier en na Malinda Rademeyer se aftrede in April, word die kinderdiens op 'a aflosbasis deur die kategete aangebied en word daar gepoog om dit liturgie op die kinders se vlak te volg. Hoewel die formele naam Junior Kategese & Kleuterkerk is, praat ons nog maar van Sondagskool!

Kinders **van ouderdom 3 jaar tot Graad 7** kom Sondae vanaf 08:50 in die kerk-saal bymekaar vir die erediens wat van 09:00 af spesiaal op hul vlak aangebied word. Daarna verdaag almal na hul onderskeie klasse tot ongeveer 10:15. Nagmaalsondae word die normale program gevolg, maar langnaweke en vakansies is daar nie Sondagskool nie. Die kinders woon dan ook die spesiale Gesinne in Harmonie - dienste een maal per kwartaal saam met hul ouers by.

Die kategete wat vir die onderrig van die kinders in die verskillende ouderdomsgroepe verantwoordelik is, is as volg:

|                     |                                                                       |
|---------------------|-----------------------------------------------------------------------|
| Kleuters (3-4 jaar) | Leoni Gobey, 083 754 9405                                             |
| Graad 0/R           | Susan Robbertse, 084 586 9416                                         |
| Graad 1             | Martjie du Plessis, 082 716 0791                                      |
| Graad 2             | Elbie Ferreira, 073 281 4128                                          |
| Graad 3             | Talita Fourie, 076 107 9988                                           |
| Graad 4             | Nicolette van Heerden, 079 499 5858 & Charmaine Breedts, 083 962 0648 |
| Graad 5             | Elma Du Plessis, 083 542 1590                                         |
| Graad 6             | Charleen Viljoen, 082 377 1379 & Lita Spreeth, 082 453 8421           |
| Graad 7             | Pieter Viljoen, 082 568 6859                                          |



## Wat doen ons?

As basis vir ons onderrig gebruik ons **Die Bybel** – ons enigste ware bron van die Waarheid en ons moedig die kinders dus ook aan om elke Sondag hul eie Bybel saam te bring – al is dit 'n Kinderbybel. Die beginsel is dat mens net van God kan leer as jy Sy Woord by jou het en dit bestudeer. Ouers moet dus nie verbaas wees as die kinders by die huis kom kla dat hulle 'in die moeilikheid' is as hulle nie hulle Bybels saambring nie!

Hoewel ons met liefde probeer om die kinders te onderrig in God se Woord, bly dit steeds die ouers se primêre taak by die huis. Kinders moet letterlik van moedersknie die Waarheid leer en ons probeer dus voortbou op die grondslag wat reeds by die ouerhuise gelê word.

Ons het 'n lieflike praktiese reeks van TNT Ministries in Engeland aangekoop – One Way. Die kategete gebruik dit as handleidings om te help om die lesse prakties en interessant te maak. Kinders word ook toegelaat om hulself te wees en binne die orde van ons klasse tog ook hul vryheid as kinders van God uit te leef.

Elke laaste Sondag van die kwartaal word daar, in plaas van die normale Sondagskoolklasse, 'n **werkswinkel** gehou. Tydens hierdie werkswinkel kry die kinders geleentheid om saam in hul klasse in werkgroepe in die kerkzaal aan 'n projek te werk. Dit is gewoonlik afgelei van 'n tema wat deur die kwartaal in die Kleuterkerk behandel is en hulle kry dus kans om prakties die idees wat met hulle in die kwartaal gedeel is, te oefen.



Hulle kry selfs 'n beurt om te verduidelik wat hulle gedoen het en dit voor te dra.

Ons kinders het ook hul eie nuusblad, die **Penniefluitjie**. Die titel van die nuusblad is so gekies om te pas by die gemeente se Rietfluit – selfs die kleinste fluitjie in 'n orkes kan mos die mooiste musiek maak!

Al die uitgawes van die **Penniefluitjie** kan op die gemeente se webtuiste onder **Die Koffiepot** verkry word.

As deel van ons **Spesiale Projekte**, ondersteun ons 'n seuntjie in die Oekraïne – **Sergiy Denysenko**. Hy het 'n serebrale siekte wat veroorsaak dat hy stadiger as ander kinders ontwikkel, maar hy is nou al amper 13 jaar oud en het twee boeties en twee sussies wat nie in dieselfde kinderhuis as hy bly nie.

## Uit die duisternis weggeruk

*Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet. Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergeweing van ons sondes. - Kolossense 1:13, 14*

As jy weergebore is, is jy van die duisternis gered. Jy hoef jou nooit te bekommer oor die duisternis wat Satan oor hierdie wêreld bring nie, want jy loop in die lig van Jesus wat altyd met jou is.

Hy is altyd daar vir jou, en Hy geniet dit om sy regverdiges se gebede te beantwoord. Jy is regverdig as jy in Jesus se bloed gewas is.

As jy nie seker is of jy in die bloed gewas is nie, dan moet jy dit vandag nog regstel. Vra Jesus om jou sondes te vergewe en nooi Hom om in jou hart te kom woon. Maak Hom jou Here en Verlosser.

Nou is jy 'n lid van God se huisgesin! By Golgota het Jesus jou verlossing met sy kosbare bloed gekoop. Laat sy lig nou in jou skyn!

### Gebed

Dankie, Here, dat U my uit die duisternis van hierdie wêreld weggeruk het en my na u koninkryk gebring het. Ek loof U vir u wonderlike vergifnes en vryheid. Ek sal U lig deur my lewe laat skyn om ander na U toe te bring.

Amen.

deur Dodie Osteen



## RIETFontein-SUID WEBWERF

Besoek gerus die gemeente se dinamiese webwerf.

Weeklikse opdatering word gedoen op die gemeentekalender, Bybellees program, gebedsake en vele meer.



Besoek ook gerus Die Koffiepot - waar u van die gemeente se media kan aflaai in PDF format, soos - Bybel Blokraai, Gebedskalender, gemeentekalender, Gesinne in Harmonie, Oestyd, Pennefluitjie, Die Rietfluit, Saampraat blad en die Verskil.

[www.rietfontein-suid.ng.org.za](http://www.rietfontein-suid.ng.org.za)



ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratis waardasies
- Bemerk om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aan soeke
- Advies om eiendom se waarde te verhoog
- Boedelwaardasies



Naómi

082-804-1200 012-331-0015

Elke eerste kwartaal van die jaar samel ons geld met ons geldbome in wat dan vir Sergiy in 'n fonds inbetaal word by Sending Sonder Grense (SSG), sodat hy versorg kan word in die kindershuis waar hy tuisgaan.

Twee maal per jaar skryf ons ook vir hom briefies en kaartjies wat dan deur SSG aan hom gestuur word.

'n Nuwe projek waarmee ons in 2013 begin het, is om vir die kinders van **Huis Quanesa** te help met hul behoeftes. Elke graad se kinders kry dus in die tweede kwartaal kans om enige vna die volgende items by te dra:

- Tandepasta, tandeborsels, sepp, waslappe en lyfroom

Die strewe van die **Taakspan vir Kinders** is om daar te wees vir ons kinders en hulle van Christus as die enigste Weg, Waarheid en Lewe te leer. Ons verwelkom enige terugvoer of kommunikasie van ons ouers – ons is 'n span wat saamwerk aan die geestelike onderrig en ontwikkeling van ons gemeente se kinders.

### Kontakbesonderhede:

| Groep                | Portefeulje   | Naam          | Kontakbesonderhede                                                                                                                                                                      |
|----------------------|---------------|---------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Bediening vir Diens  | Diensleier    | Peet Dorfling | <a href="mailto:peet@productivitysa.co.za">peet@productivitysa.co.za</a><br>Tel: 082 464 7102<br><a href="mailto:diens@rietfontein-suid.ng.org.za">diens@rietfontein-suid.ng.org.za</a> |
| Taakspan vir Kinders | Taakspanleier | Lita Spreeth  | <a href="mailto:lspreeth@sars.gov.za">lspreeth@sars.gov.za</a><br>Tel: 082 453 8421<br><a href="mailto:kinders@rietfontein-suid.ng.org.za">kinders@rietfontein-suid.ng.org.za</a>       |



Sergiy se huismoeder met die pakkie wat ons vir hom gestuur het saam met Ds Tait se groep in Desember 2012. Sergiy was op 'n skoolkamp en het dus sy pakkie eers daarna gekry.



Hier is 'n foto van sy kamer wat hy met 'n klomp maats deel.

Hier onder is 'n foto van hul speelgronde - wat natuurlik 'n groot deel van die jaar toegesneeu is.

Hierdie fasiliteite is alles moontlik gemaak deur donasies wat van gemeentes soos ons s'n deur Sending Sonder Grense gekoördineer is.



Ons benodig nog R1300 om die volledige bedrag vir Sergiy se borgskap hierdie jaar vol te maak, so enige bydraes (geldbome) is welkom.

Sergiy se maatjies >>



## 'n Brief van die leraars

***Ons nooi jou van harte uit om deel te neem aan 'n groei-ervaring wat ons glo jou lewe ingrypend gaan verryk. Hierdie is 'n geleentheid wat ons nie wil hê jy moet misloop nie. Dit kan ons gemeente versterk in vele opsigte en ons help om ons lig nog helderder te laat skyn in die Moot. Wil jy nie asb moeite doen om saam met die Heer en die res van die gemeente hierdie pad te loop nie?***

Op **Sondag 21 Julie** skop ons af met 'n nege-weke veldtog in die gemeente wat elke lidmaat se lewe positief kan raak.

Meer as 70 gemeentes oor die land neem deel en het groot verwagting van die Heer.

Gedurende hierdie periode:

- Vir nege Sondae sal daar 'n reeks dienste plaasvind met die tema: *sleutels tot die lewe*.
- Deur die week Bybeldagstukkies deur te gaan in 'n waardevolle boekie (slegs R25 elk)
- Om by 'n omgee groep in te skakel waar daar aan die hand van 'n dvd gesprek gevoer sal word (indien jy by omgee groep wil inskakel vir hierdie tyd kontak Liezel by 079 840 5591.

***Sien uit om saam met jou die nege weke die pad te loop!***

***Die leraars***

